WAT kan 'n gemeente doen aan armoede?

ATTIE VAN NIEKERK

Dr Attie van Niekerk is 'n senior navorser verbonde aan Iswen, Universiteit van Pretoria.

Dit het in onlangse jare algemene gebruik in ons kerk geword dat elke gemeente sy eie werk beplan en uitvoer. Die voordeel hiervan is dat baie meer mense aktief betrokke geraak het. Dit sal egter goed wees as gemeentes aandag gee aan wat ander doen, en wat in sinodale kring beplan word. As 1200 gemeentes elkeen sy eie koers gaan, is ons waarskynlik minder effektief as wanneer ons by mekaar leer, en die "beste praktyke" in soveel gemeentes as wat toepaslik is, herhaal.

Armoede is 'n probleem wat nog nie opgelos is nie.

Orals ter wêreld word die armes al hoe armer – ook in die "nuwe" Suid-Afrika.

Die Wêreldbank het onlangs erken dat hulle nuwe oplossings, nuwe denke, nodig het vir hulle pogings om armoede in Afrika te bekamp. Hulle benodig 'n "analitiese deurbraak".

In koerante in Amerika, Europa en selfs Afrika verskyn daar gereeld berigte dat pogings om toestande in Afrika te *verbeter*, dit dikwels juis *versleg*. Dit is asof daar hieroor breë konsensus is. Die gevolg is dat Westerse betrokkenheid in Afrika vir jare reeds aan die afneem is. Die reël wat hier gevolg word, is die reël wat vir mediese dokters geld: Moet ten minste nie die probleme erger maak nie!

En tog is armoede 'n probleem wat dringende aandag vereis. Tydens die Algemene Sinode van 2002 het dr. Coenie Burger meermale, in onderhoude met koerante, na armoede verwys. Die toekoms van die NG Kerk in Suid-Afrika sal in 'n belangrike mate bepaal word deur die wyse waarop ons op armoede reageer. Dit is belangrik dat die kerk steeds bly soek na die *beste wyse* om op armoede te reageer.

In 2001, tydens die *Jaar van Hoop*, is 'n *Werkboek vir gemeentelike werkgroepe,* met die titel *Hoop in Nood*, na elke NG-gemeente gestuur. Hierdie Werkboek is verdeel in vier dele: eers Riglyne, en dan: Sien en hoor! Dink! En Doen!

Voordat 'n gemeente iets kan *doen*, moet ons eers die nood *sien*. Om te sien is om ter harte te neem. Ons lees dat Jesus, en die Barmhartige Samaritaan, mense in nood gesien, en hulle innig jammer gekry het. Die Priester en Leviet in die gelykenis het ook die man in nood gesien, maar verbygestap. Dit wat hulle gesien het, het geen gevolg gehad nie.

Voordat 'n gemeente iets aan nood kan **doen**, moet die gemeente eers die nood sien en dit ter harte neem. Dit help egter nie om 'n gemeente bloot te stel aan mense se nood, dat die gemeente mense se nood sien en dit ter harte neem, en dat daar groot medelye en jammerte opgewek word, as daardie jammerte nie (kan) oorgaan in dade nie.

Ons moet dus goed beplan. Die gemeente moet op so 'n wyse aan die nood blootgestel word, dat hulle *sien* kan lei tot *doen.* Anders gestel: Ons moet mense help om die nood waaraan hulle iets kan doen, te sien.

Verder: sien gaan saam met hoor. Ons moet geleenthede daarstel waar die gemeen-

te na die mens in nood kan luister: anders projekteer ons ons gevoelens op die mens in nood. Een van die eerste dinge wat 'n gemeente moet doen, is om te luister tot ons gehoor het wat in die armes se harte aangaan. Dit vat tyd.

Dit is die moeite werd om genoeg tyd te gee om so 'n bewusmakingsproses te beplan. Bid dat die Here u lei om dit goed en deeglik te doen. Praat met ander mense wat vir u advies kan gee.

Baie mense wat bewus raak van armoede, wil dadelik aan die werk spring. Van *sien* gaan baie mense direk na *doen*.

Maar dit is juis as ons dit doen, dat ons neig om meer skade as verbeterings te weeg te bring. Die gemeente moet die versoeking om oorhaastig te werk te gaan, *vermy*.

Na sien volg *dink!*

Dink en bid is naby mekaar.

Dink is belangrik, want die waarde van dit wat ons doen, is afhanklik daarvan dat ons goed gedink het oor 'n hele aantal faktore:

- ❑ Het ons die probleem reg verstaan? Wil ons bloot simptome verlig, of oorsake regstel? Verstaan ons goed genoeg wat die oorsake is, of raai ons maar net?

- ❑ Voldoen die oplossing wat ons vir die probleem aanbied, aan belangrike kriteria? Byvoorbeeld: Is dit volhoubaar? Is dit bekostigbaar? Is dit vir die mense aanvaarbaar en aantreklik? Is dit effektief?

- ❑ Verskuif dit net die probleem na 'n ander aspek van mense se lewe? Veroorsaak dit dalk nuwe probleme?

- ❑ Bestaan daar die nodige vertrouensverhoudings tussen die mense in nood en die wat hulle wil help? Is daar wedersydse begrip? Is daar gemeenskaplike doelwitte en betrokkenheid?

Dit is die soort vrae waaroor gedink moet word.

Armoede is moeilik, taai, kompleks – dit het selfs die Wêreldbank onlangs weer besef. En al wil ons hoe graag hê dat dit eenvoudig en maklik moet wees, en dat dit goed genoeg is as ons "net iets doen", of "doen wat ons hand vind om te doen", kan ons die verantwoordelikheid om te *dink*, nie vermy nie.

Die Groot Gebod sê immers:

Jy moet die Here jou God
LIEF HÊ
met jou
hele verstand.

Hoe beter ons dink, hoe nader kom ons aan die regte oplossings, wat dalk heel eenvoudig mag wees.

Byvoorbeeld: Langdurige armoede takel die hele mens af, liggaamlik, geestelik, psigies. Een van die grootste behoeftes van arm mense is om as **mens** raakgesien en erken te word. 'n **Verhouding** met die mens in nood mag 'n baie groter helende effek hê, as om bloot fisiese middele te gee. Sulke fisiese geskenke laat mense dikwels selfs *meer* afhanklik en onwaardig voel: Ons is ontvangers, ons kan nie self nie.

As ons dit goed verstaan, help dit ons om die regte dinge op die regte manier te doen.

Gemeentes wat kitsoplossing wil vermy en met die meer komplekse, langtermyn oorsake van armoede wil werk, sal waarskynlik hulp en begeleiding wil hê.

Die Werkboek, Hoop in Nood, verskaf 'n aantal riglyne.